

Kan God iets anders sê as wat Hy in die Bybel sê?

God word gedurig buite konteks aangehaal. Sommige mense dink niks daarvan om sekere frases of verse in die Bybel uit hulle oorspronklike konteks te verwyder en om dit dan te hergebruik, soos wat dit hulleself pas nie. Toe ek dit onlangs gewaag het om vir iemand te sê hy haal God uit verband aan, was sy antwoord dat die Gees hom gelei het om daardie teks só te verstaan. Toe ek waag om van hom te verskil, was ek skielik onwelkom op sy "geestelike" speelveld. Die feit is dat God Homself nooit weerspreek nie. Ons kan nie Sy woorde aanpas om te sê wat ons wil hê dit moet sê nie.

Onself is gou-gou op die agtervoete as ander óns uit konteks aanhaal. Dan moet ons nog meer ontsteld wees as mense dieselfde met God probeer doen. Hy sê nie vandag iets anders as wat Hy in die Bybel gesê en bedoel het nie. Ons moet dus baie versigtig wees dat ons nooit vir God in ons eie diens probeer neem nie. Hy is nie ons agternaprater nie. Nooit nie. Dit is presies andersom. Ons moet Hom rég hoor. Ons moet Hom rég aanhaal. Ons moet rég agterna sê wat Hy sê.

deur **Stephan Joubert**

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
 Marinda Jordaan
 Ria Putter
 Maria Steyn
 Sampie Swart
 Oom Eberhard Carshagen
 Annika Kilian
 Louis Strauss
 Ina van der Merwe
 Petro Schneider
 Jaco Steenkamp
 Heleen J v Vuuren
 Jeanette Mostert
 Stefaans du Plessis
 Oom Stoffel Reynders
 Oom Cedric Wiegand
 Leonie Kruger
 Sumari Pretorius

Dink in julle gebede aan die Fourie familie met die afsterwe van Swannie Fourie
 Dink in julle gebede aan die Voigt familie met die afsterwe van Pieter se moeder

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



"Daar staan geskrywe:
 'n Mens leef nie net van brood nie
 maar van elke woord
 wat uit die mond van God kom."
 (Matt. 4:4; Deut. 8:3)



Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Gedagte vir die week

"As jy meer van God in jou lewe soek, groei in jou liefde vir Hom. As jy meer van God se inwoning in jou lewe soek, sorg dat jy sy woorde ter harte neem."